

Ons moet bly werk vir nierassigheid

Nico Koopman



Die meeste Suid-Afrikaners droom al lank van 'n nierassige samelewing. Ons durf hierdie mooi ideaal nie prysgee nie.

Nierassigheid verwys daarna dat ons verskillende etniese groepe nie as verskillende rasse tipeer nie. Daar is myns insiens net drie rasse, naamlik een menslike ras, 'n dierlike ras en 'n plantras. Die term “ras” wek mos in 'n mens emosies wat dui op 'n skerpe geskeidenheid en selfs hiërargie tussen mense van verskillende etniese en kleurgroepe. Ek voel hierdie verwydering intens aan telkens as iemand sê ons behoort aan verskillende rasse.

Nierassigheid verwys daarna dat mense se waarde nie aan hul velkleur of etniese groepering gemeet word nie.

Nierassigheid beteken nie dat ons partikulariteit en spesifiekheid ontken nie.

Nierassigheid verkondig nie dat alle mense een homogene, eenderse groep is nie. Nierassigheid gee erkenning aan die verskeidenheid van spesifiekhede. Ons is een menslike ras. Binne hierdie een ras is daar verskillende etnisiteite, kulture en tale. Ons land se leuse is nie verniet “eenheid in verskeidenheid” nie. Die Bybelse beskouing van mense is ook een wat eenheid in verskeidenheid beklemtoon. Ons gee erkenning aan die verskeidenheid van spesifiekhede, nie om mense te verdeel soos in apartheid nie, maar met die doel om die veelkleurigheid en rykdom van die een mensheid te gebruik, te geniet en te vier.

Nierassigheid beteken nie ons ontken dat soveel historiese onreg en ongelykheid langs kleurlyne loop nie. Ook vandag loop sosio-ekonomiese benadeling steeds in 'n groot mate, weliswaar nie uitsluitlik nie, langs kleurlyne. Daarom moet ons as 'n onvermydelike noodmaatreël regstelling bewerk wat nie uitsluitlik nie, maar in 'n groot mate, langs kleurlyne loop. (Dieselfde redenasie geld ten opsigte van onregte wat langs ander lyne loop, onder meer gender, seksuele oriëntasie en gestremdheid.)

Hierdie maatreëls hou die risiko in dat 'n kultuur van “rasdenke” gevoed word, ook by jong mense in die postapartheidsera. Die onvermydelike en tydelike aard van sulke maatreëls moet dus deurgaans beklemtoon word. Ons gebruik sulke maatreëls net vir 'n interimperiode, net totdat 'n groter mate van billikheid teenoor almal, en 'n groter mate van ewewig bereik is. Ons doen dit met die doel dat ons weldra nooit weer sulke maatreëls hoef te gebruik op enig een van ons samelewingsterreine nie.

Vir die bou van 'n nierassige samelewing benodig ons toerusting soos werksessies, kursusse, storievertellingsgeleenthede en blootstellingsgeleenthede oor kleurgrense heen. Suid-Afrikaners, soos ander wêreldburgers, is immers merendeels kundiges van diversiteit en apartheid, maar onkundiges van diversiteit en saam wees.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**